



12 Julie 2024

Uitgawe: 1/3/2024

### UIT DIE KANTOOR

Welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en -ouers na 'n lekker wintervakansie. Ek hoop van harte dat almal weer uitgerus is en kan uitsien na die nuwe kwartaal wat voorlê.

Die skielike koue het my net weereens laat beseef dat Bloemfontein werklik 'n plek van uiterstes is. Lekker warm in die somer en bitter koud in die winter. Dit beproef werklik 'n mens se klerekas. Gelukkig raak dit nou weer effens warmer en moet die leerders vanaf Maandag weer hul wintersdrag dra.

Ons Gr.6-leerders vertrek volgende week na die Buitelugskool te Moolmanshoek. Ons wens hul 'n baie aangename tydjie toe en vertrou dat hulle dit baie sal geniet. Onthou om genoeg warm klere in te pak. Vir enige navrae kontak gerus vir mnr. Antonie Botha.

Hierdie is ons hokkie-kwartaal waar meer as 580 spelers betrokke is. Dis gewoonlik 'n uitdagende kwartaal wat betref oefenspasie en vervoer. Dit raak soms 'n logistieke nagmerrie om alles te hanteer en daarom vra ek asb. u geduld. Die skool doen sy bes om ekstra busse te huur vir hierdie tyd, aangesien ons te min van ons eie bussies het om almal betyds by hul oefeninge uit te bring. Daarom vra ons ouers om asb. te reageer op enige kommunikasie vanaf die koördineerders. [Sien dokumente hierby aangeheg.](#)

Ons is egter vol hoop dat hierdie uitdagings iets van die verlede sal wees sodra ons nuwe veld ontwikkel is. Soos u seker reeds opgemerk het, is ons besig om die terrein te begin voorberei. Meer inligting hieroor sal later aan ouers gedeel word.

#### **Kwartaalverslae:**

Die leerders ontvang vandag hul rapporte. Let asb. daarop dat die tweede kwartaal se punte 'n samestelling van assesserings en opdragte is asook die Junie-eksamen wat per sekere gewigte verwerk is.

#### **Oueraand:**

Die oueraand van hierdie kwartaal vind op 23 Julie plaas. Kontak asb. die kantoor om 'n tydgleuf by u kind se klas-/vakonderwyser te bespreek indien u behoefte het.

#### **Kultuuraktiwiteite:**

Ons skool se kultuuraktiwiteite bereik hierdie kwartaal hul hoogtepunt. Die musiekafdeling van die Kunswedstryd begin op 31 Augustus. Heelwat van ons eie musiekdepartement se leerders, asook die seniorkoor, neem hieraan deel. Daar is ook Revue-feeste, Pom-pom optredes en optredes vir beide ons junior en senior kore. Die Voortrekkers het ook 'n propvol program. Hou gerus die kalender dop.

## ANDER

### Personeelsake:


Ons verwelkom graag vir juf. Catelyn van Eck as nuwe GSF-assistent. Juf. Catelyn is reeds 'n gekwalifiseerde onderwyser wat tot onlangs toe in Transkei skoolgehou het. Sy is aangestel in die plek van ons GSF assistent juf. Elandri Terblanché wat onlangs bedank het. Ons vertrou dat juf. Catelyn vining by ons sal inskakel en deel van die Tjokkie-familie sal word. Baie dankie aan juf. Lené Swart wat hierdie kwartaal in juf. Rozanne Koen se klas waarneem terwyl sy met bevallingsverlof is.

## BELANGRIKE DATUMS

- 12 Julie: Leerders ontvang rapporte  
Skaaktoernooi (WP)
- 14 Julie: GSF Kooroptrede
- 15-18 Julie: Gr.6 Buitelugskool (Moolmanshoek)
- 16 Julie: Voortrekker Kommandobestuursvergadering
- 18 Julie: Hokkieliga begin

## VERJAARSDAE

Geen



## HOKKIE

Sien hierby aangeheg 'n brief met belangrike hokkie-inligting. Lees dit asb. noukeurig om verwarring uit te skakel.

Die hokkie ligabepalings word ook aangeheg.

## VAN DIE MAMMAS WAT BID



Ek lees die vakansie die volgende aanhaling:

“Too many parents are worried about their child making the first team rather than the Kingdom”.

Hierdie gedagte het my diep getref en introspeksie laat doen. Dit herinner my aan die volgende verse:

“En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.”  
Deuteronomium 6: 6-7.

En:

“Ek het geen groter blydschap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel.”  
3 Johannes 1:4

Die wêreld kan ons fokus so maklik van ons ware opdrag as ouers wegneem: Om ons kinders te onderrig in die Woord, te lei na die Lig en Waarheid, om hulle kennis van God op te skerp, om Lewe en Lig in ons huise te spreek en om hulle te leer van naasteliefde.

Mag ons in hierdie nuwe kwartaal die fokus verskuif na die ewigheid van ons kinders en as Tjokkie-familie jubel oor ons Redding.

KAALVOETKAFEE

Kaalvoet  
Kafee

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):

082 612 7756

E-posadres:

[kaalvoetkafee@tjokkies.co.za](mailto:kaalvoetkafee@tjokkies.co.za)

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Alle pappas: Tjokkies maak staat op julle. Kom ondersteun ons projek en bring sommer baie vriende saam, want:

*Hierdie knipmesbraai gaan nie net oor braai nie, dit gaan oor die aansteek van die vuur van die Tjokkie-gemeenskap. Dit is 'n aand van kameraadskap, lag en teruggee - waar elke gesprek die bande versterk wat ons gemeenskap bind.*

*Kom sluit aan by die Tjokkiefamilie, proe die passie en wees deel van iets groter as 'n braai. Opbrengste bevorder die ontwikkeling van ons nuwe sportgronde en ondersteun ook so die behoud van ons sportkultuur vir ons volgende generasie Tjokkieleerders.*

Sluit in: 'n Knipmes, goeie samesyn en skaap op die spit.

Kry jou kaartjies sommer nou deur e-pos te stuur na [bemarker@tjokkies.co.za](mailto:bemarker@tjokkies.co.za)

Kaartjie R350.00 per persoon



**SNUFFELS**

**SOLDATE VIR POCAHONTAS**



**ONS BENODIG JONG MANNE  
OM OP TE TREE IN  
POCAHONTAS VERTONING IN  
BLOEMFONTEIN  
OUDERDOM: 14 TOT 25 JAAR  
GEEN PRAAT-ROL**

**Kontak 0824625507  
As jy belangstel**